

DIE SKIETLOOD

Uitgawe 104 10 Februarie 2017 saam met Koersvas 104



Heerlikheid en krag

Hierdie is die laaste artikel van die reeks waarin die modelgebed bespreek word.

Daar is genoeg voorbeelde en oproepe tot gelowiges in die Bybel wat ons aanmoedig om die heerlikheid van God te besing.

In die 1933-vertaling (1953 hersien) van die Bybel lees ons in Matteus 6:13 “Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen”. Die-Lukas weergawe bevat nie die woorde nie.

Die doksologie waarmee ons almal grootgeword het, verskyn nie in die 1983-vertaling van die Bybel nie. Die 2016-vertaling haal die lofprijsing in 'n voetnota aan en stel dan dat daar aanvaar word dat dit nie deel van die bronteks is nie.


Teen hierdie agtergrond is dit nodig om die insluit of uitlaat van die doksologie as deel van die modelgebed te bespreek.

Dit is duidelik dat die Lukas-weergawe op geen stadium die doksologie bevat het nie. Die Matteus-weergawe het net in sekere manuskrip-tradisies hierdie byvoeging.


Dit sou intensiewe tekskritiese navorsing verg om die hele debat weer te gee. Lesers word aanbeveel om die volgende artikel na te lees <http://thebible.evangel.site/>. Hierdie artikel sal die tekskritiese beginsels en proses verstaanbaar maak.

Dit is opmerklik dat die Vulgaat wat deur Hieronimus in ongeveer 383 nC geproduseer is, nie die doksologie bevat nie. Die Vetus Latina (ou Latyn

vertalings) manuskripte is nie van hulp nie. Tog is daar duidelike bewyse van Latyn vertalings wat die doksologie bevat. Die parallelle teks wat die Latynse- en Griekse teks naas mekaar plaas, ongeveer 1667 nC uitgegee deur Henrici Wetstenii, bevat die doksologie in beide tale. Die vraag ontstaan of die Vulgaat-weergawes voor die 19e eeu uitgegee die woorde bevat het of nie.



Die Luther tradisie behou ook die lofprijsing in die vertaling wat hulle bied.



Die *textus receptus* (wat staan in die Bisantynse tradisie) wat deur Erasmus saamgestel is, bevat die doksologie. Daar is met ander woorde twee duidelike tradisies. Die een bevat die lofprijsing en die ander nie. Totius het saam met die State-Generaal vertalers gekies vir die *textus receptus* se manuskrip en dit is hoe die doksologie deel van ons denke geword het. Die Bybel-genootskap het in 1983 - en nou weer - gekies vir die tekstradisie (*die Codex Sinaiticus en die Codex Alexandrinus gekontroleer met die Codex Vaticanus*) wat nie die lofprijsing bevat nie.

Gelowiges gaan self moet oorweeg waar hulle staan oor die insluiting van die lofprysing. Die keuse om die doksologie wel hier te bespreek, spruit uit verskeie redes. Die eerste is dat daar goeie redes gegee kan word om die *textus receptus* te aanvaar. Die tweede is dat ouer weergawes soos die Latyn vertaling aangehaal (dalk selfs die Vulgaat se ouer weergawes) die byvoeging het. Derdens het die eerste gelowiges geglo dat die hele Skrif deur die Gees geïnspireer is. Hierdie "Skrif" was vir hulle die Ou Testament in Hebreeuse en Griekse weergawes. Dit is 'n moderne tendens om die "oudste manuskrip" wat ons het, of vermoed ons het, as die outentieke of selfs enigste ware weergawe te wil aanvaar.

As voorbeeld van die wenslikheid om ander tekste in ag te neem, die voorbeeld van Handeling 8:37. Aanlyn lees ons die 1983 vertaling wat stel: "36 *Onderweg kom hulle toe by water aan, en die amptenaar sê: "Hier is water. Wat verhinder dat ek gedoop word?"*

37

38 *Toe het hy die wa laat stilhou. Voetnota Sommige manuskripte voeg by: 37 "Niks nie," antwoord Filippus, "as u met u hele hart glo." Die hofdienaar sê toe: "Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is." Sommige gedrukte weergawes stel in 'n voetnota gewoon dat die grondteks nie 'n vers 37 bevat nie.*

Die 1933 en in 1953 hersiene vertaling stel: *"En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?"*

8:37 *Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.* 8:38 *En hy het beveel dat die wa moes stilhou."* Dit wil lyk asof die beter teks die een is wat stel dat jy moet glo dat Jesus die Seun van God is.

Sonder om 'n finale uitspraak oor die oorspronklike vorm van die teks te maak, die volgende vir oorweging:

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen

In onder andere Openbaring 4 lees ons iets van wat in die troonkamer aangaan. God word aanbid, geloof en geprys. Dit gebeur aanhoudend, by herhaling, voortdurend. God is die Almagtige wat elke lofwoord waardig is, ons moet Hom loof sonder ophou. Dit is daarom gepas dat ons gebede ook met hierdie lof gevul sal wees.

Openbaring 4:8, 11 – *"Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom."* *"Here, ons God, U is waardig om die heerlijkheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep."*

Ons lees in I Kronieke 29:11 *"Die grootheid, Here, die krag, die glans, die roem en die majesteit behoort aan U, ja, alles in die hemel en op aarde. Aan U, Here, behoort die heerskappy; U is bo almal verhewe"*.

Hierdie gedagte word op verskillende maniere dwarsdeur die Ou Testament en veral in die Psalms herhaal. Die modelgebed het begin met God se heiligheid, dit is goed dat ons sal afsluit met God se heerlijkheid.

Βασιλεια - Koninkryk

Hierdie koninkryk moet hier as figuurspraak verstaan word. Die Griekse woord kan dui op koningskap of die koninkryk. Laasgenoemde word verwar met geografiese bakens. Ons moet derhalwe besef hierdie God se heerskappy is verhewe bo ons menslike inperkinge. God se HEERskap is een wat grense van tyd en grense op kaarte verbygaan. Waar God is, is Hy Here en koning.

Ons bede bevestig dat ons besef dat God koning is. Hy is koning selfs waar dit vir sommige mense lyk asof God onmagtig geword het. Ons erken God se koningskap en erken dat Hy van beter weet. Ons vind berusting by 'n koning al verstaan ons nie alles nie.

Δυναμις – Krag

Hierdie woord kan vertaal word met, "krag, kapasiteit, vermoë, moontlikheid, kompetensie." Hierdie mag is nie staties verstaan nie en iets daarvan kom tot sy reg in die Afrikaanse woord dinamo¹.

Jesus se gebruik van *δυναμις* staan binne die Joodse Ou Testament tradisie. Die Grieke het *δυναμις* verstaan as 'n kosmiese onpersoonlike mag. By God is dit anders. Krag en mag behoort aan God. God is betrokke in die geskiedenis. God se mag het met ander woorde 'n persoonlike dimensie. Dit is God se

¹ di'namo, dinamo dina'mo s.nw., [dinamo's dinamo's. (elektrisiteit) Afkorting vir dinamo-elektriese masjien, 'n draaiende werktuig waarin deur middel van 'n elektromagnetiese veld meganiese arbeidsvermoë in elektriese arbeidsvermoë omgesit word, en omgekeerd. Gew. word dit gebruik alleen vir gelykstroommasjiene waarop die dinamoprinsepe van toepassing is.

krag, nie 'n magiese vermoë wat tot die mens se beskikking is nie. Die beste aanduiding van God se mag in die geskiedenis is die koms van Jesus Christus. 'n Mag wat met ander woorde selfs die dood oorwin het. Hierdie mag kan maar net erken word en hierdie dinamiese God net aanbid word.

Δοξα - Heerlikheid

Waardigheid, heerlikheid, eer, aanbidding en lof is almal woorde wat gebruik kan word om *δοξα* te vertaal. Daar is al verskeie kere verwys na hierdie gedeelte as die doksologie. Letterlik kan ons die woord - *doksologie* - wat net so uit die Grieks oorgeneem is, vertaal na heerlikheidswoord.

Met vertalings word daar soms waarde en betekenis bygevoeg en soms gaan deel van die betekenis verlore. In hierdie geval sou ons kon stel dat ons bede al die vertaalmoontlikhede kan insluit om God se lof by benadering na waarde weer te gee.

God is die waardige een, God se teenwoordigheid is soos Sy wese gevul met heerlikheid. Alle eer kom God alleen toe, net God moet aanbid word as die wonderlikste God. Loof Hom, want Hy is God en Goed.

Αἰωνας – Tydperk onbeperk

In Die Skietlood 95 word die volgende gestel oor die ewigheid: *'Wat bedoel ons met die "ewige lewe", ofte wel die toekomstige eeu. Die beste vertaling is waarskynlik om te verwys na die aeon wat kom, die nuwe aeon. (WAT stel: e'on s.nw., eons eons of eone eone. Ook aeon. Onmeetlike of onbepaalde lang tydruimte; 'n tydperk van die wêreld of die heelal; soms,*

ewigheid.) *Ewigheid as deel van God se geheimenis, kan net bely word. Die Bybel beskryf nie die ewigheid nie. God as die Gans-Andere se ewigheid word wel in digterlike en beeldende taal beskryf in boeke soos Openbaring. Hierdie beeldende taal is noodsaaklik omdat ons nie werklik God se geheimenisse kan beskryf nie, net by benadering oordink.*

Ons tydservaring sal ook verander in die nuwe aeon. Omdat ons nie daardie ervaring nou het nie, verstaan ons nie hoe ons ewigheid sal ervaar nie. Tog glo ons dat tyd geskep is en ook sal ophou bestaan, net soos die dood.”

God se almag en heerlikheid is met ander woorde bo tyd verhewe.

Αμην - Amen

Die gebed sluit af met die woord amen. Hierdie woord dien as bevestiging, Dit kan vertaal word met woorde soos “waarlik, betroubaar, voorwaar”. Dit het met ander woorde gedien as bevestiging van die gebed en kon eintlik op enige stadium van die gebed geuiter word. 'n Gebed sonder 'n “amen” is steeds 'n gebed. Ons gebruik dit deesdae as slotwoord, as konsensus-teken dat die gebed afgesluit word.

